

*Towerlantern Fotografie*

# fotografienuus

februarie 2019



***"Laat jou lig skyn!"***

*Lensopening: f22; Sluiterspoed: 1/10 sekonde; Fokale lengte: 70 mm*

Die tema van hierdie uitgawe van *Fotografienuus* is lig en warmte. En dit kan op baie maniere verstaan word: van bloot die lig en kleur van jou foto's tot die lig en warmte wat jý met jou foto's en lewe uitstraal. Daarom dus die titel van ons foto: "Laat jou lig skyn!"

In ons land is daar deesdae soveel donker sake dat ons eintlik deurgaans met ons lewens 'n positiewe (lig)beeld na die buitewêreld moet uitstraal. Dis nie altyd so maklik om te weet hoe om dit prakties te doen nie. Vir ons as fotografe kan een beginpunt wel wees om jou kamera daarvoor in te span. Lees dus verder en laat hierdie uitgawe van *Fotografienuus* jou inspireer tot warmte en lig vir almal om jou.

In hierdie uitgawe gee ons in die besonder ook aandag aan landskapfotografie. Ons hoop dat dit jou tot hoër hoogtes sal inspireer. Lees verder ook oor die jongste nuus in verband met ons foto-uitstalling later vanjaar in die Potchefstroomse museum.

*Johan*

# voorbladfoto

In verband met ons voorbladfoto wil ons die volgende opmerk:

- ✓ Die foto toon 'n tipiese landskap met Oos-Vrystaatse berge in die voorgrond en Lesotho-berge in die agtergrond.
- ✓ Die foto is nie die werklikheid nie (en dis ook nie bedoel om so te wees nie); die bedoeling is wel om lig en warmte uit te straal.
- ✓ Die sonstrepe regs en die sonweerkaatsing links is natuurlik in die sin dat dit nie agterna bygevoeg is nie. Dit word deur die lensstelsel veroorsaak. Die foto gee 'n besondere gevoel van warmte en atmosfeer. (Met ander komposisies wat by dieselfde fotosessie gedoen is, was daar selfs ook nog 'n sonbeeld heel links in die toneel.)
- ✓ Die foto is reg in die son in geneem. Dit word nie altyd aanbeveel dat so iets gedoen word nie. In hierdie geval is daar wolkies wat die sonlig verdof – en wat ook lei tot die verwronge vorm van die son.
- ✓ Behalwe vir die pers in die foto, is die kleur baie monochromaties. Die geel en pers is sterk komplementêre kleure. Die pers “temper” die oorweldigende geel en bruin.
- ✓ Lig en kleur speel 'n allesoorheersende rol in die voorbladfoto. Die foto op hierdie blad is 2 minute later geneem, ongeveer 45 grade weg van die son. Hoewel dié foto 'n trefkrag van sy eie het, is die groot verskil in kleurkwaliteit en atmosfeer duidelik sigbaar.



*“Oggendlig”*

*Lensopening: f22; Sluiterspoed: 1/2 sekonde; Fokale lengte: 120 mm*

Quit trying to find beautiful objects to photograph. Find the ordinary objects so you can transform it by photographing it – Morley Baer

*Towerlantern Fotografie*  
- februarie 2019 -

# Landskapfotografie

## – 'n voorsmakie

Soos genoem in ons inleidingsnota, gesels ons in hierdie uitgawe oor landskapfotografie. Ons begin met 'n voorsmakie deur enkele foto's van Johann Nel te wys, met 'n kort bespreking van elk deur hom. Daarna gee ons spesifieke hulp en aanwysings. Met dank aan Johann vir hierdie verdere beskrywing.

Landskapfotografie is sekerlik een van die mees algemene vorms van fotografie. Komposisie, kleur, kontras (lig) en die horison is maar enkele van die verskillende aspekte waarna opgelet moet word by landskapfotografie. Dis nou bo en behalwe die verskillende instellings op die kamera self. Die treffendste landskapfoto's word tydens die "goue ure" geneem, maar soos twee van die meegaande drie foto's toon, kan landskapfoto's enige tyd van die dag (of selfs nag!) geneem word.

Opmerkings in verband met *Boompie alleen*:

- ✓ Die alleenstaande boompie is by 'n derdepunt op die horison.
- ✓ Die boompie teen die lug met woestynvoorgond is 'n toonbeeld van eenvoud en lewer 'n treffende foto.
- ✓ Daar is geen kontras in die foto nie en dit is in die middel van dag geneem met min skaduwees sigbaar.
- ✓ Die feitlik horisontale lyne in die voorgond lei jou oog subtiel in na die duinhelling en laat jou oog tot stilstand kom by die boompie.



*Boompie alleen*



*Sonlig en skadu*

Opmerkings in verband met *Sonlig en skadu*:

- ✓ Hierdie landskap is vroeëmiddag geneem.
- ✓ Die sonkolle word skerp deur wolk-skaduwees gekontrasteer.
- ✓ Die grashalms- en blom-"verspering" in die voorgond aksentueer die ligspel daaragter met die spitskop by 'n derdepunt links.

Opmerkings in verband met *Sandsteenkranse*:

- ✓ Die foto is vroeëggend geneem met die goue-ur-lig.
- ✓ Daar is skerp skaduwees vir kontras.
- ✓ Die inleidende lyne op die skuins helling in die voorgrond bring die kyker se oog na 5 populiere by 'n derdepunt.
- ✓ Die beligting van die foto is só dat die detail in die skaduwees op die kransse lig genoeg is vir waarneming.
- ✓ Die lug speel geen rol in hierdie foto nie, daarom dat die horison op 'n sewende van bo geplaas is.



*Sandsteenkransse*

## Towerlantern OF *Tower Lantern*?

Is die naam van ons fotografiebesigheid Towerlantern of is dit dalk *Tower Lantern* (in Engels uitgespreek, met die betekenis *Toringlantern*)?

Dalk het jy soms al gehoor dat Towerlantern skielik 'n Engelse baadjie kry. Dit kom beslis nie van ons nie. Onthou dus asseblief die volgende in 'n moontlike gesprek met iemand wat van ons naam 'n Engelse term maak:

- ✓ Ons kursusse is in Afrikaans omdat daar 'n groot vraag is vir Afrikaanse fotografiekursusse.
- ✓ As dit moet, vertaal dan Towerlantern met *Magic Lantern* – dan kom die betekenis minstens mooi na vore.

Miskien is daar nuwer lesers van hierdie blad wat onseker is oor die naam Towerlantern. Ons gee dus weer 'n kort verduideliking (en daar kan ook klein variasies in die verduideliking wees). Die twee dele van die woord TOWER-LANTERN dui op die volgende:

TOWER: Laat jou foto's betowering wek

LANTERN: Fotografeer die lig; laat jou lig skyn

Die bedoeling is sekerlik dus duidelik.

# ALGEMENE WENKE VIR LANDSKAPFOTOGRAFIE



Ons wil graag help met landskapfotografie en gee die volgende algemene wenke vir jou landskapfoto's:


- ✓ *Tonele*: As jy op reis gaan, moet jy voortdurend bedag wees op geskikte tonele en goeie uitkykpunte. Kyk uit vir tonele in die groot landskap wat jy met jou "dubbellens"-oë sien. Soek na moontlike sinvolle posisies vanwaar foto's geneem kan word.
- ✓ *Komposisie*: Komposisie, byvoorbeeld lyne soos in die foto hierby, bly belangrik; soek dus daarna – selfs as jy motor bestuur.
- ✓ *Beligting*: Die tipiese probleem wat jy kan ondervind tydens 'n reis is dat jy op die verkeerde tyd by 'n toneel aankom. Die enigste raad is om die beste van 'n slegte saak te maak. Neem dus maar foto's – selfs al sou jy op 'n ander, meer geskikte tyd kan terugkom.
- ✓ *Fotosessie*: Oorweeg vooraf reeds die tipe lens wat jy gaan gebruik. 'n Goeie eerste algemene aanbeveling is 'n wyehoek lens, byvoorbeeld die standaard 18-55 mm lens of nog wyer, byvoorbeeld 'n 10-20 mm lens.
- ✓ *Driepoot*: Maak sover moontlik altyd gebruik van 'n driepoot, dan is die slag in baie opsigte al gelewer, byvoorbeeld wat skerpte, maklike fokussing en horisontale lyne betref.
- ✓ *Helper*: As daar 'n medereisiger is wat as helper kan optree, sal dit nuttig wees. Dink aan iemand wat 'n sambreel oor jou kop kan hou sodat jy die fokussing op die LCD-skerm in die helder son goed kan doen; of iemand wat jou besittings kan bewaak terwyl jy foto's neem.



## SPESIFIEKE WENKE VIR LANDSKAPFOTOGRAFIE

Om landskapfoto's met trefkrag te neem, moet die volgende sake in gedagte gehou word. Pas dit toe en bestudeer ook die riglyne in die volgende afdeling:

- ✓ *Ruimte en diepte*: Soek na landskaptonele wat ruimte en diepte bied. Dit kan onder andere bome, rotse, water of die blou lug insluit.
- ✓ *Voorgrond, middelgrond en agtergrond*: Streef altyd daarna om 'n voorgrond, middelgrond en agtergrond in 'n foto te hê. As jy 'n verband kan kry tussen voorgrond en agtergrond, soveel te beter. Onthou dat 'n groter voorgrond verkry kan word deur 'n wyehoeklens te gebruik.
- ✓ *Pale en maste*: Besef dat 'n landskapfoto 'n foto van die landskap moet wees. Daarmee word bedoel dat daar gewaak moet word teen mensgemaakte items in die foto soos veral pale en maste.
- ✓ *Lig en kleur*: Wees voortdurend bewus van die rol wat lig en kleur in 'n landskap speel. Dit kan wees dat rotse byvoorbeeld in die winter groot swart skadu's dwars oor jou foto gooi en dat sandsteenkleurige rotse byna dieselfde kleur as die wintergras het, dan is so 'n foto gedoem tot mislukking. Probeer eerder om so 'n foto gedurende 'n ander tyd van die dag of in 'n ander seisoen van die jaar te neem.
- ✓ *Komposisie (weereens)*: Moet selfs met landskapfotografie nie vergeet van komposisie nie – al kan jy niks in die landskap verskuif nie, kan jy jouself verskuif! Van die belangrikste reëls om te onthou, is lyne, balans en die reël van derdes.
- ✓ *Skerpte in foto's*: Onthou dat landskapfoto's oor die algemeen skerp moet wees (dit wil sê dit moet 'n groot velddiepte hê) en dit word reggekry deur van 'n klein lensopening gebruik te maak, sê byvoorbeeld f22.
- ✓ *Uitgewaste foto's*: Besef steeds dat landskapfoto's baie maklik uitgewas kan wees. Enkele wenke om dit te oorkom, is: wag tot later, wag vir wolke, verstel die witbalans, gebruik 'n filter, onderbelig. Dink verder ook aan die toepassing van hoë dinamiese reikwydte soos in die foto hieronder.



Ons gee die volgende direkte riglyne vir jou landskapfoto's. Pas dié riglyne en die vorige wenke toe en jy kan verseker wees van suksesvolle landskapfoto's.

Ons aanvaar dat die kamera op die driepoot is, dat jy reeds 'n foto-toneel op jou kamera se LCD-skerm sien, dat daar 'n komposisie is en dat 'n voorlopige fokussering gedoen is. Volg dan, of kontroleer, dié voorskrifte:

- ✓ ISO: As die toneel in die helder son, of 'n bewolkte lug, is, stel dan die ISO op die laagste instelling; anders, pas aan.
- ✓ Witbalans: Pas die witbalans aan in ooreenstemming met die tipe lig. Fyn witbalansinstellings kan handig wees om byvoorbeeld sandkleure te versterk, maar pasop vir oordoen.
- ✓ Keuse van fokuspunt: Onthou dat alles skerp moet wees. Kies 'n fokuspunt wat 'n goeie ent weg van jou af is.
- ✓ Lensopening: Omdat alles in die foto skerp moet wees, is dit belangrik om 'n klein lensopening te gebruik, byvoorbeeld f22.
- ✓ Sluiterspoed: Maak 'n geskikte sluiterspoed-instelling met behulp van die liniaal-funksie van die kamera. Pasop egter vir oorbeligte, verbleikte, foto's. Neem dus eerder 'n paar foto's wat trapsgewys al meer en meer onderbelig is.
- ✓ Fyn fokussering: Maak beslis gebruik van handfokussering met behulp van die LCD-skerm. Hiervoor is dit juis noodsaaklik dat jy in die "donker" onder 'n sam-breel die LCD-skerm goed kan bestudeer.

Moenie volstaan met net een of twee foto's van 'n toneel nie. Neem baie sodat jy goeies tuis kan uitsoek. Hoewel landskapfoto's tipies in *landskapformaat* geneem word, moet daar nie vergeet word van *portretformaat* vir landskapfoto's nie. Dit lewer foto's met 'n heeltmaal ander impak. In so 'n geval is dit ook besonder treffend om van 'n wyehoek-lens gebruik te maak.

Ons weet dat kleur een aspek van komposisie is; en dat komplementêre kleure 'n baie sterk hulpmiddel is om besondere foto's te kry. Maar komplementêre kleure staan nie noodwendig sommer reg nie. Hier is dus een wenk: As jy oranje blomme afneem, soos Namakwalandse madeliefies, probeer die blou lug in die agtergrond kry. Want onthou, blou en oranje is komplementêre kleure. Maar wees gewaarsku, jy sal moet laag lê!

### ALGEMENE WENK

# TOWERLANTERN-UITSTALLING:

*September 2019*


Soos reeds in ons vorige uitgawe genoem, het daar 'n besondere geleentheid op die pad van Towerlantern gekom. Ons kan naamlik hierdie jaar ons foto-uitstalling in die Potchefstroomse Openbare Museum se uitstalruimte hou. Dit sal DV gedurende September 2019 wees en dit sal ook die Aardklop-week insluit.

Ons beplan om jou maandeliks op hoogte te hou van die verdere verloop en ontwikkeling van die saak.

Die groot vraag is: Hoe raak dit elkeen wat hier lees? Ons kan nou al die volgende noem – en neem dit asseblief ter harte:

- ✓ Jy word uitgenooi om aan dié uitstalling deel te neem.
- ✓ Begin dink in terme van eie foto-onderwerpe en -ontwerpe.
- ✓ Omdat jy nou reeds van die saak weet, kan jy al doelbewus begin beplan – finansiële en fotografies.
- ✓ Laat weet solank as jy sou belangstel – jy verbind jou nog geensins nie.

## *Staan saam met die lig op*



Ons leer ons studente om eerder teen die son in as saam met die son foto's te neem – natuurlik waar van toepassing.

Blomme en blare leen hulle veral tot hierdie tegniek; so ook veldgrasse. Die twee foto's hierby wys jou. Die foto's is van 'n boom (*Prunus*-spesie) met donker blare, een teen die son en die ander saam met die son. Beide foto's is vroeg-

oggend geneem – staan dus saam met die lig op om betyds te wees.

As jy die foto's nie glo nie, gaan doen dit self, sonder enige manipulasie ... OF: Gaan doen dit in elk geval self en stuur vir ons jou twee foto's.

# Aanstuurboodskappe ... ??



Neem jou voor om in die toekomst nooit weer whatsapp-aanstuurgroeteboodskappe verder aan te stuur nie, maar om eerder jou eie te ontwerp. Onlangs is daar in elk geval bekend gemaak dat daar 'n perk gestel gaan word op die hoeveelheid kere wat 'n boodskap aangestuur mag word – om allerhande euwels te verminder.

Hier is 'n aantal stappe om as beginriglyn te gebruik:

- ✓ Kies boodskaptEkste, byvoorbeeld Bybeltekste (die keuse is joune).
- ✓ Begin om foto's te neem wat by dié tekste pas, byvoorbeeld gelukwensing of meelewing. Hou steeds in gedagte dat lig en warmte 'n positiewe boodskap moet oordra.
- ✓ Plaas die foto('s) wat jy wil gebruik in 'n PowerPoint-aanbieding en voeg die gekose teks by (of gebruik 'n ander program wat vir dié doel ontwerp is).
- ✓ Stoor die PowerPoint-skyfie(s) weer as foto's in jpeg-formaat.
- ✓ Benut jou boodskap ten volle met die wete: Dit is myne.

Wees verseker: Jou boodskappe is uniek en sê veel meer as enige boodskap wat maar net *forwarded* by jou aankom. Die foto hierbo is ter illustrasie.

Besef dat jy tydens 'n fotoreis te doen sal kry met binnenshuise sowel as buitenshuise beligting, of – die heel slegste – 'n mengsel van die twee tipes. Doen dus altyd die nodige waarneming sodat jy 'n "korrekte" witbalansinstelling kan maak. Dit mag ook 'n slim plan wees om foto's in RAW te neem sodat jy agterna die witbalans kan verander, indien nodig. Besef net dat met die kombinasie van JPEG+RAW die kamerageheue vinniger vol.

---

# TOWERLANTERN SE FOTOGRAFIEKURSUSSE

---

Van die kant van Towerlantern Fotografie noem ons graag die volgende fotografiekursusse wat deurgaans of binnekort aangebied word:

- ✓ Die aanlyn-eerstevlakkursus is permanent beskikbaar. Doen navraag by die onderstaande adres en die inligting sal vir jou gestuur word.
- ✓ Die aanlyn-gevorderdevlakkursus is ook permanent beskikbaar. Soos die bogenoemde kursus is dit in Afrikaans beskikbaar. Sodra jy geregistreer het is die eerste lesing in jou e-posbus. Doen ook vir hierdie kursus navraag.
- ✓ Die volgende plaaslike gevorderdevlakkursus begin DV op 20 Februarie 2019 in Potchefstroom. Die inligting word saam met hierdie uitgawe van *Fotografienuus* gestuur. Daar is nog plek beskikbaar – maar reageer tog vinnig.
- ✓ Ons begin DV op 14 Maart met 'n gevorderde spesialiskursus. Die bedoeling is om deur die loop van die jaar net drie groot temas te bestudeer, naamlik landskapfotografie, makrofotografie en impressionistiese fotografie. Doen gerus ook hieroor navraag.



As jy nog altyd gedink het jy wil vir 'n kursus inskryf, of dalk by herhaling, dan is dit nou die geleentheid om in te skryf. Ons adres is: [johan@towerlantern.co.za](mailto:johan@towerlantern.co.za)

**KOM KYK WAT HET JY GEMIS!!**



Ons reël van tyd tot tyd laatmidag-uitstappies in of naby Potchefstroom. Kom gerus saam! Ons stuur inligting per Whatsapp en e-pos, so vra gerus om op die lys te kom. Die foto hierby wys wat het jy onlangs gemis (of gesien toe jy 'n gelukkige is wat saam was).

*Towerlantern Fotografie*  
- februarie 2019 -



# Kosgeskenk vir skool

Niekerk Ferreira, 'n boer van Ferreira Citrus Growers by Patensie in die Gamtoosvallei, Oos-Kaap, is onlangs saam met sy plaasbestuurder, Charlie Jantjies, Port Elizabeth toe. Hulle het gegaan om Charlie se seuntjie, Anesipho, op sy eerste skooldag aan die Reuben Birin School for the Hearing Impaired af te sien.

Niekerk sê dat hy en Charlie saam grootgeword het en dat hulle soos twee broers is. Toe Charlie se seuntjie dus skool toe moes gaan, was dit net logies vir Niekerk om ook saam te gaan. Niekerk kan onthou dat hy op sy eerste skooldag 'n waatlemoenskyf by die skool gekry het wat die dag baie aangenamer gemaak het. Daarom het hy gedink hy sal sommer 'n paar waatlemoene vir Charlie se seuntjie en dié se klasmaatjies saamvat.

By die skool aangekom het Niekerk besef dat die kinders veel meer as net waatlemoene nodig het! Hy het teruggery en binne 'n paar uur het Niekerk gesorg dat aartappels, uie, wortels, beet, rys en botterskorsies by die skool afgelewer word. En ook nog meel en suiker.

Dié berig in *Beeld*, 23 Januarie 2019, sluit af met die opmerking dat Niekerk Ferreira ook reeds gesê het hy sal die skool verder help om skenkings te bekom. Dit was vir hom duidelik dat daar 'n groot behoefte by dié skool vir spesiale onderrig was. Wat Niekerk dalk nie dadelik besef het nie, maar wat ons vanaf 'n afstand kan sien, is die lig wat hy dié dag uitgestraal het en die lig wat hy steeds in hierdie kinders se lewens bring. Lees ook meer oor die Gamtoosvallei by: [https://www.baviaans.net/page/toerisme\\_in\\_die\\_gamtoos\\_vallei](https://www.baviaans.net/page/toerisme_in_die_gamtoos_vallei)

*foto*  
wenk

Al het jou kamera nie 'n spesifieke instelling om panoramafoto's te neem nie, is daar tog die volgende moontlikhede wat jy kan toepas:

- ✓ Neem 'n enkelfoto en sny dit in panoramaformaat.
- ✓ Neem 'n reeks foto's en las dit aanmekaar deur middel van 'n fotoverwerkingsprogram.

Hou steeds by enige van hierdie twee moontlikhede komposisie in gedagte.

# PERSOONLIKE NOTA

Towerlantern Fotografie het teen die einde van 2007 op 'n baie nederige manier ontstaan met die aanbieding van 'n klas wat oor 'n enkele week gestrek het. Van daar af het dit begin groei tot waar dit vandag staan.

Tans bied ons eerstevlakkursusse sowel as gevorderdevlakkursusse aan. Verder is daar ook nog (vir beide vlakke) aanlynkursusse. Dan praat ons nog nie eens van *Fotografienuus* (reeds sedert 2012, hoewel toe nog baie onbeduidend teenoor wat dit vandag is), foto-uitstallings (sedert 2012) en ander uitstappies nie.

Gedurende hierdie tyd was en is daar steeds drie persone wat help met die hoog hou van Towerlantern, naamlik Johann Nel (klasaanbieding van die heel eerste klas af), Sienie de Klerk (vir die huishouding, waaronder koffie, tee en beskuit) en Fransa Vorster (vir bladuitleg, rekenaarwenke, Facebook-bystand, ensovoorts). Aan hulle net my grootste dank.

Die laaste afdeling van die gevorderde aanlynkursus is onlangs voltooi. Die tema daarvan is "Met kreatiwiteit na die natuur". Ek plaas die bewoording van die slotbladsy van dié kursus hierby. Ek dink dit sê alles in verband met Towerlantern as geheel. Laat dit ook van toepassing wees op elkeen wat hier lees, watter kursus jy ook al gedoen het of doen of moontlik beplan om te doen.

Ten slotte is die teks ook my persoonlike gebed en my praktiese uitleef van my verhouding met ons hemelse God en Vader. Aan Hom my eer en dank.

Ons hoop is dat jy hierdie kursus leersaam en verrykend gevind het; en dat jy oral tuis is met jou kamera. Ons bedoeling was om jou op 'n vlak te bring waar jy jou kamera ken, waar jy foto's om jou raaksien en waar jy bo alles die lewe om jou raaksien en waardeer.

Ons het ons eerste kursus met 'n gebed van Edward King afgesluit. Ons kan nie anders nie, as om weer met dieselfde gebed af te sluit:

Ek dank U, hemelse God en ons Vader  
vir die groot vreugde wat U vir ons bedink het  
toe U aan ons sintuie gegee het ...

Dankie vir die wonder van al die kleure in u skepping  
en vir dié wat ons hier op aarde naboots.  
Dankie vir die oorweldigende skoonheid  
van sonsondergange  
en die dagbreek oor donker berge ...

Waarlik, o God van  
kleur en reuk en smaak en gehoor en gevoel:  
Die aarde is vol van u heerlijkheid!

Bron: *Die groot gebedeboek* van Piet Naudé

*Die hele skepping – God se  
skepping – is wonderlik.  
Daar is nie 'n einde aan foto-  
moontlikhede nie. Mag jy dit  
ook so sien. En mag jy jou foto-  
grafie altyd in dié lig beoefen.*

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

*Towerlantern Fotografie*  
- februarie 2019 -